




2024 VAKWERKBOEK

Graad 10



AFRIKAANS HUISTAAL

'n Gemeenskaplike inisiatief tussen die Wes-Kaap Onderwysdepartement en die Universiteit Stellenbosch.



UITSENDINGSESSIES EN INLEIDING

GRAAD 10

Gedigte:

*Digter**Marilyn Monroe: foto buite beeld*

Sessie	Datum	Tyd	Onderwerp
1	31 Januarie	15h00-16h00	Gedig: <i>Digter</i> (DJ Opperman)
2	16 Oktober	15h00 -16h00	Gedig: <i>Marilyn Monroe: foto buite beeld</i> (Johann de Lange)

INLEIDING

Hierdie materiaal handel oor twee gedigte.

Om 'n gedig te verstaan moet jy twee vrae kan beantwoord:

- WAT sê die gedig? D.w.s **waaroor handel** die gedig? of Wat is die **storie** van die gedig?
- WAARMEE word dit gesê? D.w.s. watter **tegnieke** het die digter gebruik?

Die gedigte word in Vraestel 2 getoets.

In die eksamen sal jy die keuse hê om 'n opstelvraag of 'n kontekstuele vraag te beantwoord oor die gedigte wat julle behandel het.



TERMINOLOGIE: GEDIGTE

Term	Definisie
Halfrym	Alliterasie en assonansie
Alliterasie	Woorde in 'n versreël begin met dieselfde konsonant.
Assonansie	Woorde in 'n versreël bevat dieselfde vokaal.
Personifikasie	Menslike eienskappe word aan lewlose dinge, diere, die natuur of abstrakte begrippe gegee, bv. <i>Die wind huil om die hoeke van die huis.</i>
Metafoor	Een saak word direk gelykgestel aan 'n ander saak sonder die gebruik van die woorde <i>soos, net soos of nes</i>, bv. <i>My meisie se soene is kondensmelk.</i>
Tema	Die sentrale idee/hoofgedagte waaroor 'n gedig handel. Dit kan dikwels as een woord/ uitdrukking neergeskryf word.
Boodskap	Die lewenswaarheid of les wat die leser uit die gedig haal.
Alleenplasing	'n Woord staan alleen in 'n versreël.
Vergelyking	'n Beeldspraakvorm waardeur een saak deur middel van die woorde <i>soos/net soos/nas</i> aan mekaar gelykgestel word., bv. <i>Hy huil soos 'n baba.</i>
Herhaling	Woorde of frases kom meer as een keer in 'n gedig voor.
Enjambement	Daar is nie 'n leesteken aan die einde van 'n versreël nie, sodat die versreël "oorloop" in 'n ander versreël.
Vrye vers	'n Gedig wat nie 'n vaste strofobou het nie. Die strofes en versreëls is nie ewe lank nie, daar is nie 'n vaste rymskema nie en min of geen leestekens kom voor.
Retoriese middele	Herhaling, retoriese vrae, alliterasie, assonansie
Klankeffekte	Klanknabootsing, alliterasie, assonansie
Eufemisme	Die woord of idee word, byvoorbeeld <i>lang vingers hê</i> (sagte manier om na <i>steel</i> te verwys).
Kontras/ Teenstelling	Twee dinge met teenoorgestelde betekenisse/eienskappe staan teenoor mekaar. <i>Die <u>lief</u> en die <u>leed</u> van mense ...</i>
Stemming	Dit verwys na die gevoel (emosie) wat by die leser opkom as sy/ hy die gedig lees.



LES 1: Gedig: *Digter* (DJ Opperman) – Prelees

Agtergrond van die digter:

Diederik Johannes Opperman (1914–1985) was 'n professor in Afrikaanse letterkunde aan die Universiteit van Stellenbosch. Sy gedigte is uiteenlopend in inhoud, maar van hoë standaard.



Hy het vele literêre pryse gewen, onder andere die Hertzorg-prys vir sy debuutbundel *Heilige Beeste* (1945). Hy word met reg as die meester van digkuns beskou.

Agtergrond van die gedig:

Aan die einde van die Tweede- Vryheidsoorlog tussen SuidAfrika en Brittanje (1899-1902) is die meeste Afrikanersoldate wat gevange geneem is as bannelinge na die Diyatalawakamp op die eiland Ceylon (nou Sri Lanka) geneem. Die bannelinge het hulle met kultuurbedrywighede, sport en die maak van snuisterye besig gehou. Soimmige gevangenes het skippies in bottels gebou.

Klasbespreking:

- Het jy al 'n gedig probeer skryf? Verduidelik of dit moeilik of maklik was om 'n gedig te skryf.
- Dink jy die digters vind dit moeilik om gedigte te skryf? Verduidelik.

Opdrag: Lees nou die gedig en vertel in jou eie woorde waarom die inhoud van die gedig handel.



LES 1: *Digter* (DJ Opperman)


Digter

1. Ek is gevang
2. en met die stryd
3. êrens in die ewigheid
4. op 'n Ceylon verban
5. waar al my drange
6. na 'n verlore vaderland
7. my dag na dag geëiland
8. hou met horisonne en verlange,
9. en in die geel gloed van die kers
10. snags deur die smal poort
11. van die wonder elke woord
12. laat skik tot klein stellaties vers
13. wat groei tot boeg en mas
14. en takelwerk – en die uiteindelijke
15. reis met die klein skip
16. geslote agter glas.





LES 1: *Digter* (DJ Opperman) Ontleding





LES 1: Digter (DJ Opperman) – Ontleding

g-alliterasie: beklemtoon die kerslig

9. en in die **geel** **g**loed van die kers

s-alliterasie: beklemtoon hoe laat saans hy die skippie in die bottel bou; hoe laat die skeppingswerk plaasvind.

10. **s**nags deur die **s**mal poort

wonder: 'n wonderwerk

11. van die **w**onder elke **w**oord

w-alliterasie beklemtoon die wonderwerk wat gebeur

12. laat skik tot klein stellasies **vers**

Metafoor: "smal poort van die wonder" verwys na die smal opening van die bottel; die opening van die bottel word aan 'n poort gelykgestel 'n poort is 'n deurgang, 'n pad

Om elke woord te laat **skik**, beteken om die woorde te rangskik en bymekaar te pas

stellasies: raamwerk van pale en planke; **vers:** 'n gedig / versreëls wat op mekaar volg. **Metafoor:** "klein stellasies vers" Die skippie in die bottel word gelykgestel aan 'n stellisie van verse

Enjambement tussen r. 12 en 13 ondersteun die groei van die skippie

dele van 'n skip

13. wat groei tot boeg **en** mas

Polisindeton: deur die herhaling van "en" word elke deel van die skip afsonderlik beklemtoon.

aandag-streep: vestig aandag op die reis, die hoogtepunt van die gedig

14. **en** takelwerk **en** die uiteindelike

15. **reis** met die klein skip

"uiteindelike" dui aan dat dit lank geneem het om die skippie te voltooi.

16. **g**eslote agter **g**las.

ei-assonansie beklemtoon hoe klein, nietig die skip is.

g-alliterasie: dui op die ingeperktheid van die skip. Dit is **ironies** dat die skippie op reis gaan, maar steeds geslote is.



LES 1: *Digter* (DJ Opperman) Ontleding

Wat sê die gedig?

As 'n mens die gedig die eerste keer lees, vertel dit die storie van iemand wat as krygsgevangene na 'n eiland (Ceylon, nou Sri Lanka) verban is. Dit vertel verder hoe die persoon na sy vaderland verlang. Om hom besig te hou, sit hy saans by kerslig en bou 'n skippie wat hy in 'n bottel wil sit sodat die skippie later op reis kan gaan.

Hierdie storie van die krygsgevangene wat verban is, stem ooreen met die geskiedenis van die Afrikanerkrygsgevangenes wat tydens die Tweede Vryheidsoorlog na die Diyatalawakamp in Ceylon verban is.

Titel:

Die titel verwys na 'n digter. Die feit dat die bepaalde lidwoord *die* in die titel ontbreek, maak die gedig **universeel**, want daar word nie na 'n spesifieke digter verwys nie.

'n Mens kan verwag dat die inhoud van die gedig oor 'n digter of oor die werk van 'n digter sal handel, maar dit is nie met die eerste lees van die gedig duidelik nie.

Uiterlike bou:

Die gedig bestaan uit 4 kwatryne (strofes wat elk vier versreëls bevat). Die rympatroon van strofes 2, 3 en 4 is **omarmde rym**: die eerste en laaste versreëls van die strofes rym met mekaar. Die omarmde rym vestig die aandag op die spreker se **gevangeneskap**.

Tema:

Digterskap/ Die skryf van gedigte

Boodskap:

Dit verg baie moeite om 'n gedig te skryf.



LES 1: Digter – Dieper betekenis

As 'n mens die gedig 'n tweede keer lees, kom jy agter dat sommige aspekte op 'n ander manier verstaan kan word, veral as jy die titel “Digter” in gedagte hou.

Die gedig gebruik die agtergrond van 'n krygsgevangene wat 'n skippie in 'n bottel bou om eintlik oor die skep / maak van 'n gedig te skryf.

Die spreker praat dan nie van 'n werklike gevangeneskap nie; digterskap is 'n simvoliese gevangeneskap. Die “stryd” (r. 2) verwys dan na die stryd (hoe moeilik dit is) om gedigte te skryf. Die woorde “'n Ceylon” (r. 4) verwys dan nie na die werklike eiland Ceylon nie, maar na 'n simboliese plek waar die digter as banneling aangehou word.

Die woord “drange” (r. 5) verwys dan na die spreker se intense gevoel om gedigte te skryf.

Dit is dan ook verstaanbaar waarom daar in r. 6 staan “'n verlore vaderland” en nie **my** verlore vaderland nie, want die spreker verlang nie, soos die krygsgevangenes, na 'n werklike vaderland nie.

Die spreker se drange om te dig sny hom af van die res van die wêreld, dan voel hy asof hy op 'n eiland is (r. 7).

Die proses wat dus eintlik in die gedig (strofe 3 en 4) beskryf word, is die bouproses van 'n gedig. Hierdie bouproses van 'n gedig word gelykgestel aan die bou van 'n skippie in 'n bottel. Strofe 3 handel dus oor die skryfproses. Die skippie is 'n metafoor vir 'n gedig.

Die woorde “uiteindelike/ reis” (r. 13 en 14) verwys na wanneer die gedig klaar geskryf is. Die “reis” is dus nie 'n werklike reis nie, maar 'n geestelike bevrydingsreis. Die krygsgevangene kon met die skippie wat hy in die bottel gebou het 'n verbeeldingsreis na sy vaderland onderneem; die digter gaan op 'n geestelike reis deur die gedig wat hy geskep het.



LES 1: Kontekstuele vrae oor *Digter*

1. Waarom kan die titel van die gedig as universeel beskou word? (1)
 2. Waarna verwys die woord “stryd” (versreël 2) op **letterlike** en op **figuurlike** vlak? (2)
 3. Skryf twee woorde uit strofe 1 neer wat aandui dat die plek van die ballingskap onseker is. (2)
 4. Skryf ‘n voorbeeld van alliterasie uit versreëls 5 tot 7 neer. Onderstreep die klanke én verduidelik wat die funksie van die alliterasie is. (2)
 5.
 - a) Benoem die beeldspraak in “smal poort/ van die wonder” ((versreëls 10 en 11). (1)
 - b) Watter afleiding kan jy uit die woorde “smal poort/ van die wonder” (versreëls 10 en 11) oor die digproses maak? (1)
 6. Watter twee prosesse word in strofe 3 aan mekaar gelykgestel? (2)
 7. Benoem die stylfiguur wat in versreëls 13 en 14 voorkom. (1)
 8. Wat is die funksie van die aandagstreep in versreël 14? (1)
 9. Verduidelik die ironie wat in versreëls 15 en 16 voorkom. (1)
 10. Wat is die tema van die gedig? (1)
- [15]**



Moontlike antwoorde: Kontekstuele vrae oor *Digter*

1. Die feit dat die bepaalde lidwoord **die** in die titel ontbreek, maak die gedig universeel, want daar word nie na 'n spesifieke digter verwys nie. (1)
 2. Letterlik: die oorlog (Tweede Vryheidsoorlog van 1899 – 1902);
Figuurlik: die stryd om die gedigte te skryf. (2)
 3. “êrens en “ ‘n” (2)
 4. “verlore vaderland” Die alliterasie beklemtoon die spreker se verlange na sy vaderland. (2)
 5.
 - a) Metafoor (1)
 - b) Dit is baie moeilik om 'n gedig te skryf. OF
Dit is 'n wonderwerk om 'n gedig te skryf. (1)
 6. Die bouproses van 'n gedig word gelykgestelaan die bouproses om 'n skippie in 'n bottel te kry. (2)
 7. Polisindeton (1)
 8. Dit vestig die aandag op die reis wat volg. OF Dit vestig die aandag op die hoogtepunt van die gedig: die reis wat volg. (1)
 9. Dit is ironies dat die skippie op reis gaan, maar nog steeds geslote agter glas is. (1)
 10. Digterskap/ Die skryf van gedigte (1)
- [15]**



LES 2: Marilyn Monroe: foto buite beeld (Johann de Lange)

Agtergrond van die digter:

Daniël Johannes de Lange is op 22 Desember 1959 in Pretoria gebore. Johann voltooi sy hoërskoolloopbaan in 1977 aan die Hoërskool Hans Strijdom op Naboomspruit. Deur sy skooljare leef, eet, slaap en skryf hy gedigte. Hy debuteer in 1982 by Human & Rousseau met die bundel *Akwarelle van die dors*.



Literêre toekennings:

- Die Ingrid Jonker-prys in 1982
- Die Pankrátor Poeta Germán Pardo Garío-prys in 1987
- Die Rapport-prys vir Poësie in 1990
- Die Hertzog-prys vir Poësie in 2011

Agtergrond van die gedig:

Marilyn Monroe, oftewel Norma Jeane Mortensen / Baker is op 1 Junie 1926 gebore en sy sterf op 5 Augustus 1962. Sy was 'n aangenome kind wat vir 'n lang tyd van haar lewe in weeshuise deurgebring het. Sy word in 1946 'n filmaktrise en na 'n dramatiese verandering in voorkoms en met 'n naamsverwisseling, word sy 'n ster. Haar dood aan 'n oordosis barbiturate het egter tot vele samesweringsteorieë gelei, onder andere dat sy deur die Kennedy's vermoor is omdat sy oor sensitiewe inligting sou beskik.

Sy was getroud met James Dougherty (1942 tot 1946); kortstondig met die bofbalster Joe DiMaggio (1954) en uiteindelik met die dramaturg, Arthur Miller (1956 tot 1961).

Die gedig handel oor 'n fotoboek met privaatfoto's wat van Marilyn Monroe geneem en gepubliseer is. Volgens Johann de Lange lewer sy gedigte oor Monroe, wat op foto's gebaseer is, kommentaar op die ontmensliking van die reproduksie en die onverskilligheid teenoor die mens agter die persoon.



LES 2: Marilyn Monroe: foto buite beeld

Luister na Elton John se lied oor Marilyn Monroe:

<https://www.youtube.com/watch?v=IK1XIMsTgmM>

Candle in the wind (Elton John)

Goodbye, Norma Jeane
Though I never knew you at all
You had the grace to hold yourself
While those around you crawled
They crawled out of the woodwork
And they whispered into your brain
They set you on the treadmill
And they made you change your name

[Chorus]

And it seems to me you lived your life
Like a candle in the wind
Never knowing who to cling to
When the rain set in
And I would've liked to know you
But I was just a kid
Your candle burned out long before
Your legend ever did

Loneliness was tough
The toughest role you ever played
Hollywood created a superstar
And pain was the price you paid
Even when you died
Oh, the press still hounded you
All the papers had to say
Was that Marilyn was found in the nude

[Chorus]



LES 2: Marilyn Monroe: foto buite beeld (Johann de Lange)

1. Marilyn Monroe ongestorwe
2. silwerdoek-legende
3. word bloot- & vrygestel
4. in Berlyn
5. se sjiek Einstein Kaffee,
6. gekiek deur vriend Sam Shaw.
7. Dié foto's getuig glo
8. van gelukkiger tye:
9. hier is sy teen sonder
10. in 'n roeiboot in Central Park,
11. hier eet sy 'n hot dog
12. saam met Arthur Miller.
13. Geen spoor van depressie,
14. van selfmoordpogings
15. & huwelike wat misluk.
16. Die fokus val intiem
17. op die Marilyn buite beeld:
18. buiteskote op filmstelle,
19. 'n tyd toe sy "sereen" voorgekom het
20. aldus haar uitgewer. 'n Besonder
21. gelukkige tyd, & die begin
22. van huwelik nommer 3.
23. Die foto's vermy die cliché
24. van die uitgebrande ster,
25. hou by die beeld van 'n vreugde-
26. volle & selfversekerde vrou,
27. haar bekendste foto,
28. dié een uit The Seven Year Itch
29. waar sy haar wit rok vasdruk
30. as dit boontoe klok in 'n skielike sug
31. warm lug uit die moltrein se ventilasieskag.
32. "Films is my loopbaan,"
33. pruil sy, "maar Arthur is my lewe."
34. Oor die totale afwesigheid
35. van teks sê die uitgewer: "Alles
36. oor Marilyn is reeds geskryf.
37. Hierdie foto's vertel
38. die liefdesgeskiedenis
39. tussen haar & 'n eks,
40. die intellektueel. Die res
41. het weggeval. Bestellings loop
42. flink. Dank God ons het
43. oorgenoeg papier gekoop."





LES 2: Marilyn Monroe: foto buite beeld – *Ontleding*

Uiterlike bou:

Die gedig bestaan uit tien strofes wat oor 43 versreëls strek. Dit is in die vorm van 'n vrye vers geskryf:

- die strofes en versreëls is nie ewe lank nie
- daar is nie 'n vaste rympatroon nie

Titel en subtitel:

Die titel dui daarop dat 'n ander beeld van Marilyn Monroe deur haar foto's geskep word. Die foto's waaroor die gedig handel, is van buite haar openbare beeld, van waar sy ontspan het.

Die subtitel “'n optelgedig” laat 'n mens dink aan die woord “optelgoed”. Die woord “optelgoed” het drie moontlike betekenisse:

- die gedig is die terloopse mening van iemand wat nie vir Marilyn Monroe geken het nie;
- die spreker het 'n paar dinge raakgesien en dit bymekaargesit (opgetel) om die gedig te vorm;
- Marilyn Monroe is deur mense misbruik.

Strofe 1:

Die feit dat Marilyn Monroe as “ongestorwe” beskryf word, dui daarop dat sy na haar dood voortleef in wat daar oor haar geskryf word.

Strofe 2:

Die sin wat in strofe 1 begin, loop oor in strofe 2. Marilyn Monroe se status as 'n “silwerdoek-legende” (r. 2) word deur **alleenplasing** uitgehef. Die woord “bloot-” (gestel) in r. 3 sluit by die inhoud van die fotoboek aan: Marilyn se private en weerlose oomblikke word aan die publiek bekendgestel. Die woord “vrygestel” (r. 3) sluit by die woord “silwerdoek” in r. 2 aan, want fliks/ rolprente word vrygestel. Die plek waar die fotoboek vrygestel word, word in r. 4 en 5 genoem.



LES 2: Marilyn Monroe: foto buite beeld – *Ontleding*

Strofe 3:

Die woord “gekiek” (r. 6) sluit ana by die fotograaf, Sam Shaw., wat ook as ‘n “vriend” van Marilyn beskryf word (r. 6). Dat hierdie vriend geld verdien (r. 41 en 42) met foto’s wat in persoonlike oomblikke geneem is, staan in **kontras** met wat normaalweg van ‘n vriend verwag word. Die ontvangs van geld is dus **ironies**. Die akkuutteken op die woord “Dié” (r. 7) dui aan water spesifieke foto’s ter sprake is. Die woord “glo” (r. 7) dui op twyfel of daar wel gelukkiger tye was. Die g-alliterasie in r. 7 en 8 (“getuig glo:/ ... gelukkiger”) beklemtoon die twyfel of daar wel gelukkiger tye was. Die dubbelpunt aan die einde van r. 8 dui aan dat die gelukkiger tye waarvan foto’s in die fotoboek verskyn, in r. 9 – 12 genoem word.

Strofe 4:

Die woord “hier” in r. 9 en r. 11 beteken “op/in hierdie foto”. In kontras met die gelukkiger tye word die ongelukkige lewe van Monroe in r. 13 tot 15 genoem: depressie, selfmoordpogings en mislukte huwelike.

Strofe 5:

Die persoonlike aard van die foto’s word deur die woorde “intiem” (r. 16) en “buite beeld” (r. 17) aangedui. Die woord “sereen” (r. 19) beteken kalm en vreedsaam. Die feit dat die woord “sereen” egter tussen aanhalingstekens staan, impliseer dat Marilyn nie altyd kalm en vreedsaam was nie.

Strofe 6, 7 en 8:

Reëls 20 tot 22 verwys na haar huwelik met Arthur Miller en sluit aan by r. 9 tot 12. Die woord “cliché” (r. 23) beteken ‘n afgesaagde uitdrukking of idee wat gereeld gebruik word. Reëls 23 tot 24 verwys na die cliché dat Monroe ‘n vermaaklikheidster is wat lewensmoeg is en wat nie meer kon presteer nie (“uitgebrande”). Volgens r. 23 tot 25 volg die foto’s nie daardie cliché nie (“vermy” in r. 23), maar fokus dit (r. 25 tot 26) op Monroe as gelukkige en selfversekerde vrou. Die woorde “vreugde-volle” en “selfversekerde” (r. 25 en 26) vorm ‘n **teenstelling** (kontras) met “uitgebrande” in r. 24. Die woord “uitgebrande” (r. 24) staan ook in kontras met die inhoud van r. 9 tot 12. In haar bekendste foto (r. 27 tot 31) staan Monroe op die plek waar ‘n ventilasieskag van ‘n moltrein warm lug uitblaas en in die proses word haar ok opgewaai. Personifikasie kom voor in die woord “sug”; die lug kry die menslike eienskap dat dit kan “sug”. Die aanhalingstekens in r. 32 en 33 dui op Monroe se direkte woorde. Haar woorde dui aan dat sy haar man belangriker asg as haar loopbaan.



LES 2: Marilyn Monroe: foto buite beeld – Ontleding en Kontekstuele vrae

Strofe 8 tot 10:

Die woord “pruil” (r. 33) beteken om dikmond/ nukkerig/ nors te wees. ‘n Mens kan daaruit aflei dat Monroe vies was vir ‘n vraag wat iemand aan haar gestel is; dalk “*Wat is die belangrikste in jou lewe? Films of Arthur?*”. Die woorde “totale afwesigheid/ van teks” (r. 34 tot 35) beklemtoon dat die beeld van Monroe slegs deur foto’s oorgedra word.

Die uitgewer se direkte woorde kom na die dubbelpunt in r. 35 tot aan die einde van r. 43 tussen aanhalingstekens voor. Die woord “Alles” in r. 35 is ‘n voorbeeld van ‘n **hiperbool (oordrywing)** omdat daar nog steeds sake omtrent Monroe is waaroor onsekerheid bestaan en waaroor geskryf kan word.

Die persoonlike aard van die foto’s word in r. 37 en 38 beklemtoon en die woord “liefdesgeskiedenis” (r. 38) sluit aan by “Marilyn buite beeld” (r. 17) en die inhoud van r. 9 tot 12.

Die ongelukkigheid wat nie in die foto’s voorkom nie, word aangedui met die woorde “Die res/ het weggeval” (r. 40 tot 41). Die tipografiese skeiding van die woord “Die res” (r. 40) en “het weggeval” (r. 41) lei daartoe dat die woorde “het weggeval” beklemtoon word. Dit stel ook die wegval-aksie as’t ware tipografies voor; die leser kan in die druk van die woorde op die papier “sien” hoe die foto’s weggeval het.

In strofe 10 (r. 41 tot 43) is die implikasie dat die uitgewer uit Monroe se foto’s genoeg geld gaan verdien. Die uitgewer is dankbaar dat daar genoeg papier vir al die bestellings gekoop is.

Tema:

Die weerloosheid van ‘n beroemde persoon wat, ook deur haar vriende, vir geldelike gewin uitgebuit word



LES 2: Kontekstuele vrae oor *Marilyn Monroe: foto buite beeld*

1. Na wie verwys die titel van die gedig? (1)
2. Wat word met die woorde “foto buite beeld” in die titel bedoel? (1)
3. Wat verstaan jy onder die woord “ongestorwe” in r. 1? (1)
4. Deur watter tegniek word Monroe se status as filmlegende in strofe 2 uitgehef? (1)
5. Wat is die funksie van die dubbelpunt aan die einde van r. 8? (1)
6. Hoe kontrasteer r. 13 tot 15 met r. 9 tot 12? (2)
7. Wat is die geïmpliseerde betekenis daarvan dat die woord “sereen” (r. 19) tussen aanhalingstekens staan? (1)
8. Skryf ‘n woord uit strofe 6 neer wat ‘n teenstelling vorm met die woord “selfversekerde” in strofe 7. (1)
9. Benoem en verduidelik die beeldspraak wat in die woord “sug” (r. 30) aangetref word. (2)
10. Wat is die tema van die gedig? (1)

[12]



LES 2: Moontlike antwoorde: Kontekstuele vrae oor Marilyn Monroe: foto buite beeld

1. Dit verwys na die beroemde filmster, Marilyn Monroe. (1)
2. Die foto's waaroor die gedig handel, is van buite haar openbare beeld, van waar sy ontspan het. (1)
3. Die woord "ongestorwe" dui aan dat Monroe y na haar dood voortleef in wat daar oor haar geskryf word. OF Dit dui aan dat haar legende voortleef. (1)
4. Alleenplasing (1)
5. Die dubbelpunt dui aan dat die gelukkiger tye waarvan foto's in die fotoboek verskyn, in r. 9 – 12 genoem word. (1)
6. In r. 13 tot 15 word verwys na ongelukkiger tye in Monroe se lewe, terwyl r. 9 tot 12 oor die gelukkiger tye in haar lewe handel. (2)
7. Die feit dat die woord "sereen" tussen aanhalingstekens staan, impliseer dat Marilyn nie altyd kalm en vreedsaam was nie. (1)
8. "uitgebrande" (1)
9. Personifikasie. Die lug kry die menslike eienskap dat dit kan "sug". (2)
10. Die weerloosheid van 'n beroemde persoon wat, ook deur haar vriende, vir geldelike gewin uitgebuit word (1)